NG Kerk
Vrystaat

*Erediens*

# Geloofsbelydenis

*ahv Geloofsverklaring 2000 | oor die mens en sterflikheid*

Geloofsbelydenis

# AHV GELOOFSVERKLARING 2000 | OOR DIE MENS EN STERFLIKHEID

Ons glo

- dat God ons volgens 'n unieke plan geskep het
- dat alle mense gelykwaardig is
- dat God ons wonderlik en besonders as man en vrou gemaak het
- dat die mens van nature in opstand teen God kom en sodoende verwyderd van God raak
- dat die Seun van God self mens geword het om die pad na God toe weer vir ons oop te maak
- dat ons onsself eers ken as ons God ken
- dat God mense gemaak het om mekaar te ondersteun en te waardeer
- dat mens-wees binne 'n netwerk van verhoudings tot volle ontplooiing kom
- dat Jesus Christus aan mense se lewe sin gee

Ons glo

- dat lewe 'n wonderlike gawe van God is wat ons met dankbaarheid en vreugde kan benut
- dat ons alle lewe behoort te respekteer, maar in die besonder menslike lewe, omdat God besondere waarde heg aan die lewe van mense
- dat ons nie ons eie en ander mense se lewe mag neem of in gevaar mag stel nie, maar dit eerder behoort te beskerm en bevorder
- dat die verwekking van lewe 'n voorreg is, wat met groot verantwoordelikheid en in gehoorsaamheid aan God se wil benader moet word
- dat kwaliteit lewe 'n lewe van vrede is met God, ons medemens, onsself en die natuur
- dat die lewe saam met God verder strek as die grense van die lewe op aarde

Ons glo

- dat lyding en dood 'n tragiese feit van ons sondige en stukkende aardse lewe is
- dat God ook by lyding en dood saam met ons is en dit vir ons moontlik maak om dié dinge te aanvaar, om te volhard en om te oorwin
- dat die boodskap oor God in die Bybel nie altyd kant en klaar antwoorde gee vir die vraagstuk van lyding en dood nie, maar ons wel vertel dat God ons van angs en bitterheid kan verlos
- dat 'n gelowige nie vra na die sin van lyding nie, maar na die sin van die lewe ten spyte van lyding
- dat daar 'n tyd kom dat 'n mens wat terminaal siek is, toegelaat moet word om op 'n natuurlike wyse dood te gaan sonder die toediening van kunsmatige middels om die lewe te verleng
- dat om sonder Christus dood te gaan, die grootste ramp is wat 'n mens kan tref
- dat gelowiges, wanneer hulle sterf, by God is
- dat God ons uit die dood sal opwek